## Fiela se kind - Die Drama (Daleen Mathee)

### EERSTE BEDRYF




*Illustrasie van die Boshuisie van die Van Rooyen Gesin*



Elias, Barta , Nina en Lukas

**Vrae:**

**Bladsy 42-43**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg:

> *Toneel 1 (Woudtoneel) Boshuis links. Elias is besig om van die steier aft e klim. Mis is al baie dig oor die hele toneel.*
>
> Elias: ‘n Man het net een lyf en dié moet lank uitkom. Ek glo aan ‘n goeie plan en ‘n bietjie geluk, al is geluk ‘n skaars ding in hierdie bos. (*Roep*.)Bartha! Bring vir my ‘n bietjie koffie, ek is gedaan. Die mis is wragtag dik. Ja… Ek sal êrens ‘n paar ou sinkplate in die hande moet kry. Die kinders ly aan die snuif en hoes van die nattigheid in die huis.

1. Kies die korrekte antwoord:
   Met die woorde "‘n Man het net een lyf" bedoel die spreker…
   A: dat ‘n man een lewe het.
   B: dat ‘n man een liggaam het.
   C: dat ‘n man meer as eenkeer lewe.
   D: dat ‘n man een kop het. (1)

2. Wat is die TWEE dinge waaraan Elias van Rooyen glo? (2)

3. Beskryf die weersomstandighede (weather conditions) in die eerste bedryf. (1)

4. Wie is Barta? (1)

5. Dink jy dat Elias ‘n bietjie omgegee het vir die kinders? Motiveer jou antwoord. (2)

6. Hoe wil Elias ekstra geld verdien? (1)

7. Vir wie wil Elias skoene koop? (1)

8. Gee die name en ouderdomme van Elias en Barta van Rooyen se kinders. (4)

9. Na wie word gesoek in die eerste bedryf? (1)

10. By wie se huise word daar oral na die kind gesoek? (4)

11. Wat doen Barta om haar gevoelens uit te druk toe sy besef die kind is weg? (1)

12. Voltooi die sin: Elias sê dat die kind ___ weg is ___. (1)

**[20]**

**Bladsy 44-46**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

| |
|---|
| Tant Malie: Ons het gekyk, Elias.<br>Elias: Loop kyk weer.<br>Malie, Sofie en Tant Gertjie af. Begin roep na Lukas vanuit verskeie hoeke.<br>Elias: Ek kan nie verstaan hoe jy die kind onder jou oë kon laat wegraak nie, Barta!<br>Barta: Ek het met die vuur gesukkel , Elias. |

13. Wat beveel Elias die vroue om te doen? (1)

14. Watter verskoning bied Barta vir die verdwyning van die kind? (1)

15. "Julle jaag spoke op" is 'n uitdrukking. Wat beteken dit? (1)

16. Wat is die moontlike oorsaak (volgens Elias) dat die kind hulle nie hoor roep nie? (1)

17. Lees die woorde wat tant Gertjie sê en beantwoord die vrae wat daarop volg:

| |
|---|
| 'n Kind, Elias, is nes 'n skilpad. Jy dink nog hy's stadig, dans hy weg. Anna moet die mans loop roep. |

a. Benoem die soort beeldspraak. (1)
b. Wat bedoel sy hiermee? (1)

18. Ressorteer die woorde in kolom B sodat dit by die karakters in kolom A pas. Skryf slegs die vraagnommer (18.1-18.2) en letter (a-c) as antwoord neer.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 18.1 Kristoffel | a) Het Lukas op die hoek van die huis gesien waar hy 'n patat geëet het. |
| 18.2 Willem | b) Het Lukas in die grote bos gesien. |
| | c) Het Lukas in die huis gesien waar hy met sy klippe speel |

(2)

19. Waarna word verwys as daar van die ***grootvoete*** gepraat word? (Elias 2e speekbeurt bladsy 45) (1)

20. Gee die name van die mans wat ook nou help soek. (3)

21. Hoe weet jy dat die polisie ook betrokke was by die soektog? (1)

22. Watter tipe verteller is die “stem op band” ? (bl. 45) (1)

23. Watter twee vroue staan Barta by in haar nood? (bl. 46) (2)

24. Wat word sewe maande later gevind? (1)

25. Behoort die geraamte wat gevind word beslis aan die verlore kind? (1)

26. Noem enige TWEE tegnieke wat die dramaturg gebruik om tydsprong aan te dui. (2)

**[20]**

Antwoorde:

**Bl. 42-43**

1. B (1)

2. Goeie plan en bietjie geluk (2)

3. Mis/ digte mis/ mistig (1)

4. Dis Elias se vrou/ Lukas, Willem , Nina Kristoffel se ma. (1)

5. Ja. Hy wil sinkplate kry vir die huisie, want die kinder sly aan snuif en hoes. (2)

6. Hy wil olifante skiet vir ivoor. (1)

7. Vir Barta. (1)

8. Willem (ses jaar), Kristoffel (vyf), Lukas (drie) en Nina nog ‘n baba. (4)

9. Na Lukas (1)

10. By tant Malie, tant Anna, tant Sofie, tant Gertjie. (4)

11. Sy druk haar vuis in haar mond en byt op haar kneukels. (1)

12. Elias sê dat die kind nie weg is nie. (1)

**[20]**

**Bl. 44-46**

13. Om weer te gaan kyk/ weer te soek. (1)

14. Sy het met die vuur gesukkel. (1)

15. Sien dinge wat nie bestaan nie. / sien spoke wat nie bestaan nie. (1)

16. digte mis/ mis (1)

17. 1. Vergelyking (1)
    2. Die kind is so stadig soos ‘n skilpad . As jy weer kyk is die kind nie daar nie. Mens dink nie ‘n kind kan vinnig wegraak nie. (1)

18.1 (c) (1)
18.2 (a) (1)

19. Olifante (1)

20. Martiens, Koos en Dawid (3)

21. Daar is ‘n konstabel betrokke. (1)

22. Alomteenwoordige verteller. (1)

23. Sofie en Malie (2)

24. Dele van ‘n kind se geraamte. (1)

25. Nee , kan ook die geraamte van ‘n bobbejaan gewees het. (1)

26. Ligte wat uitdoof/ musiek/ dekor wat verskil/ dialoog van karakters [enige 2] (2)

**[20]**